

Skrifgedeelte: Rigters 15:1-20 (AFR83)

Fokusgedeelte: Rigters 15:18

Simson se eerste roep tot God

Die Here gee Israel nou vir 'n baie langer tyd as tevore aan hulle vyande oor, en nog steeds roep die volk nie tot God nie as gevolg van hulle afvalligheid. Die geboorte van Simson is dan die ingrype van God om sy mag oor die afgode en sy genade aan Israel opnuut te bevestig. Simson is die twaalfde en laaste leier wat in Israel opgetree het, en sy taak was om Israel van die Filistyne te verlos. Ons lees al in hoofstuk 10:7 dat God die volk aan die Filistyne oorgegee het en nog nooit verlos het nie. In Hoofstuk 15 wreek Simson hom op drie maniere teen die Filistyne.

Ons fokus op die derde slagting, waar Simson man-alleen 'n duisend Filistyne met 'n baie ongewone wapen, naamlik 'n donkiekakebeen, doodslaan. Hier sien ons dat die belofte van God aan Simson se ouers bewaarheid is, want Simson was 'n besondere man in 'n besondere verhouding met God. Tog lees ons vir die eerste keer in vers 18 dat Simson die Naam van die Here aanroep. Hy doen hier dit wat die volk ophou doen het, en dit was om God vir hulp te vra.

Simson besef gou dat hy as mens sy eie beperkinge het, want al kan hy 'n duisend manne doodslaan, word hy so dars dat hy wil sterf. Dan vir die eerste keer roep hy tot God en gee die eer vir hierdie groot oorwinning aan God, maar tog erken hy ook dat God die lewe en die dood van mense in sy Hand hou. So erken Simson dat hy ook maar nietig en klein staan voor God en afhanklik is van God om te leef, want as God iets so nietig soos water van hom weghou, sou hy daar sterf. Hier roep hy hard en duidelik dat hy God nodig het om te bly lewe.

Ons kry dit vandag so dikwels dat die mens al meer en meer mag aan homself toeskryf as gevolg van sy vermoëns. Die mens reken hy is self "god", want hy kan lewe gee deur kloning, hy kan lewe verleng deur hartoorplantings en lewe neem deur genadedood. Op mediese en tegnologiese gebied reken die mens is daar geen beperkinge aan sy vermoëns nie. Dan skielik gebeur daar dinge waar die mens sy eie swakhede en beperkinge besef. Daar is 'n griepvirus wat duisende mense doodmaak en mense kan daar niks aan doen nie, die wêreld ekonomie stort ineen en almal moet maar toekyk en die gevolge voel.

Dan besef ons maar opnuut wie en wat ons teenoor God is, want net so min ons onself kon verlos van die sonde, net so min kan die mens leef sonder God. God gee uitkoms vir sy kinders deur Jesus Christus wat ly, sterf, opstaan en opvaar na die hemel, en net so kan God alleen vandag uitkoms gee vir ons probleme. Daarom, kom ons leef in hierdie afhanklikheid teenoor God deur daaglik tot God te roep, want God alleen hou ons lewe in sy hand.

Sing: Psalm 42-1:1, 5

Ds. AN (Nikla) du Plessis (Worcester)